**Kennis geskied hiermee van die 17de**

# VOLKSVERGADERING van die GELOFTEVOLK in SUID-AFRIKA

11 Oktober 2025nM; Vluytjieskraal [Orania].

[**Jak.4:15b As JHWH *[die HERE]* wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.**

## Tema:

**Op.3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.**

Hierdie byeenkoms is in terme van Deut.16:16-17, 'n **MOET**: **Deut.16:16-17** Drie maal in die jaar **moet** al jou manne **voor die Aangesig van JaHWeH jou EL** *[die HERE jou God* **([1])***]* verskyn **op die plek wat Hy sal uitkies**; op die Fees van die Ongesuurde Brode en op die Fees van die Weke en op die **Huttefees**; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JaHWeH verskyn nie; elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van JaHWeH jou EL wat Hy jou gegee het.

Geagte Volksgenoot

Hierdie volksvergadering vind plaas op die datum [11 Oktober] waarop die Anglo-Boereoorlog begin het. Min volksgenote is daarvan bewus dat dié Oorlog begin het op die datum wat die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek [ZAR] die Paardekraal Gelofte **[Voetnota [2]]** as jaarliks statutêre byeenkoms geproklameer het **[Eindnota [i]]**. Dit was in ooreenstemming met die bepalings van die Paardekraal gelofte en het die ZAR, statutêre

---

[1] In ons Bybels is JaHWeH met die HERE vertaal en JaHShuah met Jesus. Die name "die HERE" en "Jesus" kom nie in die oorspronklike geskrifte voor nie. Ons verkeer in 'n tyd waarin die profete leuns spreek en Sy Naam met Baäl vervang – Jer.23:26-27. Vader JaHWeH het Sy Naam geheilig - van ons lippe verwyder - Eseg.36:20-23. Ons betree die tyd waarin Hy weer Sy Naam aan ons bekend maak – Eseg. 39:7 en Hos.2:15-16. Jammerlik is daar nog predikante wat voort gaan met leuens oor die Heilige Name en dié wie die Heilige Name gebruik, as Israelvisie verdag maak.

[2] **PAARDEKRAAL GELOFTE**



verantwoordelikheid aanvaar nadat ons hemelse Vader die gelofte verhoor het. Jammerlik het die ZAR op 24 Julie 1883 die jaarlikse statutêre byeenkoms verander na ‘n vyfjaarlikse een **[Eindnota ii]**.

Dit was ‘n sonde om aan die bepalings van die gelofte te verander. Volgens Deut.23:21-23 moet jy betaal wat jy beloof het, anders word dit sonde in jou en sal die gelofte van jou geëis word, wat neerkom op ‘n strafgerig soos wat met die Republiek Natalia vier jaar na Bloedrivier gebeur het.

> **Deut.23:21** As jy aan JaHWeH jou Elohijm *[die HERE jou God]* ‘n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want JaHWeH jou Elohijm *[die HERE jou God]* sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word. :**22** Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie. :**23** Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan JaHWeH jou Elohijm vrywillig beloof het—wat jy met jou mond gespreek het.

Die Voortrekkers in Natal het nie die Gelofte van Bloedrivier nagekom nie, wat tot gevolg gehad het dat Brittanje [die snoodaard – ([3])], Natal vier jaar later geannekseer het. Die rede is gelofteversuim. Baie Natallers het toe Transvaal en Vrystaat toe getrek, waarna Transvaal [ZAR] geannekseer is en die Vrystaat [OVS] ‘n Britse susereiniteit [beperkte soewereiniteit] geword het. President Paul Kruger het dit in verband met gelofteversuim gebring en op sy aandrang het die volk hul bekeer en is die gelofte van Bloedrivier vir die eerste keer na 40 jaar herdenk tydens die ZAR se Volksvergadering by Wonderfontein op 16 Des. 1879 en daarna op 16 Des. 1880 by Paardekraal.

Op 16 Des. 1880 het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek toe die Britte op Potchefstroom met die ZAR kommando onder leiding van genl. Piet Joubert slaags geraak het. Na elf weke se oorlog het die ZAR Brittanje verslaan met die Slag van Majuba en het die ZAR en OVS hul onafhanklikheid herwin omdat hulle hul van gelofteversuim bekeer het.

[3] **Nah.1:15** Kyk, op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor: Vier jou feesdae, o Juda, betaal jou geloftes! Want die **snoodaard** sal nooit weer deur jou gebied trek nie; hy is heeltemal uitgeroei!

President Kruger getuig hiervan tydens die Geloftedagherdenking van 1891 te Paardekraal, soos opgeteken in President Kruger aan die Woord – bl.95.

het.[87] Nou gaan ek die verdere wording en ontwikkeling van die Republiek verby tot op die tydstip waarop die gelofte van Bloedrivier weer hernu is. Gedurende dié jare het voorspoed en teëspoed mekaar afgewissel en onder alle afwisselinge is die plegtige gelofte van 16 Desember te Bloedrivier weer uit die oog verloor. Die so dierbare verkreë skat is nie meer beskou as 'n dierbare skat van vryheid, as deur Gods hand geskenk nie. Die gelofte van 16 Desember is nie trou volbring nie, waaroor daar donkere dae oor ons gekom het, sodat ons, toe God ons weer die vryheid gegee het, die vryheid dierbaar mog ag en tot 'n erkentenis gelei mog word dat ons sterkte alleen in God is. En so het ons in hartsbenoudheid bymekaar gekom,[47] alle kwessies en belange van die boerdery uit die oog verloor en huis en hof veil gehad. Die oog was op God gevestig om in Hom sterkte te soek, en God het andermaal gehelp. Die vryheid is teruggekry en die staat is herstel.[88]

Hieruit is dit duidelik dat gelofteversuim gelei het tot die anneksasies van die Boererepublieke, en dat die nakoming van die gelofte gelei het tot die herstel van die Republieke. Dit is 'n beproefde handeling om weer ons soewereiniteit te herwin en is gevestig op ons Geloftes- dit is 'n Bybelse voorskrif en **die voorwaarde vir ons vrywording.** Genl. De La Rey [4] het op 16 Des.1900 gesê dat hulle nie Paardekraal toe kan gaan vir Geloftedag nie omdat Brittanje reeds Krugersdorp ingeneem het. Die rede was gelofteversuim.

Soos in 1880 staan ons weer met ons rug teen die muur. Ons eiesoortige Bybelgegronde voortbestaan is weer in gedrang. Die Digitale Wêreldorde [Openbaring.13] is besig om tot stand te kom. Ons mag nie deel daarvan word nie [sien video - 5]. Ons heil lê soos voorheen by ons hemelse Vader en Verlosser. Die outentieke Gelofte van Bloedrivier [iii] bevat ons

---

[4] An extract from a report on the ceremonies of this day reads as follows: 'Rev Kriel now stood up, held a short speech, and read out the covenant which we had formulated as accurately as possible according to the original which had been made at Blood River and renewed at *Paardekraal*, in which the whole people had been involved. The covenant should be read once more. Thereafter everybody who as prepared to remain faithful to the covenant, was expected to rise.' General De la Rey, Beyers and Smuts on this occasion held impressive speeches **reminding the people of the covenant. There was much searching for the reasons why God had punished his people and for steps which should be taken to remove the obstacles to peace with God. General De la Rey spoke about the origin of the Republic which had been the fruit of oppression. The people had violated the covenant. It was now to be renewed**. – Bron: The 16th of December in the context of Nationalistic thinking in colonial and apartheid South Africa Interpretation of South African history as a source of divine revelation manifesting God's relation to his people and his will for the future of this people. Wolfram Kistner https://sahistory.org.za/archive/16th-december-south-africa-wolfram-kistner

[5] https://youtu.be/mEY-nhjKITs?list=PLTxJ9voTNehooXrOAp9o1u1krF3mDK_CW

vryheidsmanifes, maar is vir ons weggesteek. Vir meer hieroor besoek Volksvergadering.co.za -

https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

en YouTube Geloftevolkoppadnavryheid-

https://www.youtube.com/watch?v=pI1OUGZaepY&t=2s&pp=0gcJCcEJAYcqIYzv

In terme van Deut.16:16-17 word u hiermee opgeroep na die Geloftevolk se verskyning voor die Aangesig van JaHWeH tydens die volgende Huttefees. Die tema spreek van straf en tugtiging vir hulle wie JaHWeH liefhet, sodat hulle hul moet bekeer.

Hiermee lê die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK] weereens ywer aan die dag om u as Geloftevolk in te lig dat ons onder 'n strafgerig verkeer soos toe die ZAR gedurende 1877-81 deur Brittanje geannekseer is weens gelofteversuim. Ons moet ons bekeer tot die Bybelse Opdragte en ons geloftes betaal [Pred.5:3-5 ([6])] en die feeste herdenk [Deut.16:16-17 ([7]) en Hand.18:1 ([8])]. Dit is die enigste optrede wat gewerk het en sal weer werk.

**Hiermee die besprekingspunte** wat by wyse van raadpleging en lotsbeslissing [Hand.1:15-26 en Spr.16:33] saamgestel is, en die verband wat hulle met mekaar kan hê:

Met die **tema** [[9]] in gedagte, dat JaHWeH Sy volk in tye van afvalligheid, in liefde tugtig en onder strafgerig bring sodat hulle hul moet bekeer, spreek **Ex.15:26** [[10]] ook van gehoorsaamheid aan Sy insettinge en verordeninge en dat JaHWeH ons sal beskerm soos wat Hy ons voorouers in Egipte beskerm het teen die siektes wat Hy op die Egiptenare gelê het.

In **Judas 1:17-18** [[11]] word vermaan teen goddelose spotters in die laaste van die dae en bring Judas dit in verband met Korag en sy bende wat

---

[6] **Pred.5:3** As jy 'n gelofte aan Elohijm *[God]* gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. **:4** Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. **:5** Laat jou mond nie toe om op jou liggaam 'n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van Elohijm: Dit was 'n vergissing nie. Waarom moet Elohijm toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?

[7] **Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van JaHWeH jou Elohijm *[die HERE jou God]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van JaHWeH *[die HERE]* verskyn nie; :**17** elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van JaHWeH jou Elohijm wat Hy jou gegee het.

[8] **Hand.18:21** maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier, maar ek sal weer na julle terugkom as Elohijm *[God]* wil. En hy het van Éfese afgevaar.

[9] **Op.3:19** Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

[10] **Eks.15:26** en gesê: As jy getrou na die stem van JaHWeH jou Elohijm *[die HERE jou God]* luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is JaHWeH *[die HERE]* Wie jou gesond maak.

[11] **Jud 1:17** Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus, :**18** dat hulle vir julle gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel.

kort na die uittog uit Egipte weens eiesinnigheid deur die aarde ingesluk is. Hy noem dat die uitverkorenes die woorde van die apostels moet onthou en kragtig moet stry in die geloof wat eenmaal aan die uitverkorenes oorgelewer is. Hierdie uitverkorenes het die wet net na die Eksodus ontvang, maar baie het mettertyd daarvan afvallig geword.

Dit is weens 'n gebrek aan kennis van die wet dat die volk ten gronde gaan soos wat **Hosea 4:6** [12] van spreek. Aanvullend tot Hos.4:6 gaan ons vandag ten gronde omdat die Bybels dogmaties vertaal is en in sommige gevalle **'n ander leer verkondig as wat in die Hebreeuse en Griekse Grondtekste** opgeteken staan.

Die leer van die vertaalde Bybels wat afwyk van die Grondtekste kom neer op dwaalleeringe wat vergelyk kan word met **Eseg.34:18** [13] **se slegte herders** wat die skape se water vertroebel en hul weiding vertrap.

Dit was ook slegte herders wat JaHShua gedood het en as die antichris verklaar is volgens **1Joh.2:22-23** [14]. Hulle verloën JaHShua en daarom ook JaHWeH. Hulle gee volgens **Op.2:9 en 3:9** [15] voor om Judeërs [Jode] te wees maar is in der waarheid die sinagoge van Satan. Die gees wat in hulle is bely nie dat JaHShua MaShiJaH in die vlees gekom het nie, hulle is nie uit Elohijm nie; hulle het die gees van die Antichris wat toe al in die wêreld was.

Volgens **Luk.10:20-24** [16] leer JaHShua Sy dissipels om nie bly te wees dat die geeste aan hulle onderworpe is nie, maar hul blydskap moet wees omdat hulle name in die hemel opgeskrywe is. JaHShua was in Sy Gees verblyd dat die evangelie vir kinders verstaanbaar is en dat Hy dit openbaar aan wie Hy wil. Hulle was meer bevoorreg as konings en profete van die vroeë tye om te sien en te hoor wat die dissipels gesien en gehoor het.

Selfs koning Salomo in al sy heerlikheid was nie so bevoorreg soos die dissipels nie. Ons moet dankbaar wees vir die wyse waarop ons hemelse

---

[12] **Hos.4:6** My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou Elohijm *[God]* vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

[13] **Eseg.34:18** Is dit vir julle nie genoeg dat julle die goeie weiveld afwei nie? En moet julle die orige van jul weiveld met jul pote vertrap? En moet julle die helder water drink, terwyl julle die wat oorbly, met jul pote troebel maak?

[14] **1Jo 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat JaHShua MaShiJaH *[Jesus die Christus]* is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. **:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

[15] **Op.2:9** Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

**Op.3:9** Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

[16] **Luk 10:20** Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is. :**21** In dieselfde uur het JaHShua Hom in die Gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. :**22** Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar. :**23** En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: Salig is die oë wat sien wat julle sien; :**24** want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.

Vader ons voed en bekleë. **Mat.6:26-29** [17] leer ons om ten volle op Hom te vertrou en om, om ons te kyk en te sien dat Hy ons beter versorg as alles wat om ons is.

Maar as ons vandag om ons kyk en die vervulling van profesie beleef, hoedat die antichris sy **Pact for the Future** implimenteer, moet ons daarna hunker om soos die Israeliete in die dae van **Esra met 'n dikreet bevry te word** van Babilon, en apart van die wêreld deur JaHWeH gehuisves te word in die te stigte huis van die Gelofte van Bloedrivier.

Die komende Volksvergadering vind D.V. plaas op Vluytjieskraal, aangrensend aan Orania.

**PROGRAM**

**Tema:**
**Op.3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.**
**Plek: Vluytjieskraal [aangrensend aan Orania]**

**Sakelys:**
**11 Oktober 2025**
08h00 - 08h30 **Opening en ordening.**
08h30 - 09h00 Eks.15:24 - Tienie Dumas
09h00 - 09h20 Bespreking
09h20 - 09h50 Judas 1:17-18 - Dirk Bothma
09h50 - 10h10 Bespreking
10h10 - 10h30 Blaaskans
10h30 - 11h00 Hosea 4:6 Volk het ten gronde gegaan weens die gebrek aan kennis van die regte leer van die Grondtekste – Flip Swanepoel
11h00 - 11h20 Bespreking
11h20 - 11h50 Wie is die slegte herders van Eseg.34:18 – Kobus Botes
11h50 – 12h10 Bespreking
12h10 – 12h40 1Joh.2:21-23 saamgelees met Op.2:9 en Op.3:9 – Conrad van Niekerk
12h40 – 13h00 Bespreking
13h00 - 14h00 Ete – selfvoorsienend.
14h00 - 14h30 Luk.10:20-24 – Jurgens van Zyl
14h30 – 14h50 Bespreking
14h50 – 15h20 Mat.6:26-29 – Theo van Niekerk
15h20 - 15h40 Bespreking
15h40 - 16h00 Blaaskans

[17] **Mat 6:26** Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? :**27** Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? :**28** En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; :**29** en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie.

16h00 - 16h30 Die verband tussen die dikreet van Esra 7 en ons weerstand teen die Pact for the future – Migael Lombard

16h30 – 16h50 Afsluiting

Vrede

**EINDNOTAS:**

---

[i] Proklamering van 16 Desember as jaarlikse Statutêre Geloftedag te Paardekraal

STAATS-COURANT, DER Z.A. REPUBLIEK, 11 Oktober 1881.

*Dingsdag* 11 *October* 1881.

Heropening ten 9 ure, des voormiddags.

wet.

Art. 93.—ZHEd. de Vice-Presifient wenscht dat de Raad van de orde zal wijken om een belangrijke zaak te behandelen.

De Raad vereenigt zich met het verzoek en ZHEd. doet daarop indienen Uitvoerende Raadsbesluit art. 67, dd. 11 October 1881, hetwelk wordt voorgelezen, luidende als volgt :—"Art. 69. Aan de orde. Viering van den verjaardag der wederoprigting van de Regering der Z. A. Republiek. Besloten aan den Edel Achtb. Volksraad voor te stellen aan de Regering op te dragen een algemeene bijeenkomst uit te schrijven, te beginnen op 13 December 1881, te Paardekraal, ten einde ons te verootmoedigen voor onzen God en hem dank te brengen voor de groote dingen en wonderen aan ons gedaan en aldaar te vieren den 16den dag van December, welke dag eenmaal als feestdag was vastgesteld en waaraan zooveel herinneringen verbonden zijn door de vele weldaden en talrijke blijken van verlossing op dien dag door onzen God aan het volk van het land geschonken."

. ZHEd. de Vice-President zegt dat de Bijeenkomst volgens het besluit zal aanvangen op den 13den December doch niet sluiten zal voor den 16den December. ZHEd. en de andere leden van het Driemanschap lichten verder het doel van het te houden feest toe en herinneren den Raad aan de belangrijke gebeurtenissen die aanleiding hebben gegeven tot dit besluit.

Na eenige discussie worden er voorstellen gevraagd en de Raad voor 15 minuten verdaagd.

Na de heropening worden een vijftal voorstellen ingediend, en dat van den heer N. J. Smit, gesecondeerd door den heer H. Pretorius met groote meerderheid aangenomen, luidende als volgt :—

"De Volksraad heeft met innigen dank "het voorstel der Regering gehoord om eene "algemeene bijeenkomst des volks te houden op Paardekraal, te beginnen op den "13den December, ten einde ons te verootmoedigen voor God, voor de groote dingen en wonderen ons gedaan en aldaar te "vieren den 16den dag van December. De "Volksraad verlangt het duidelijk uit te "spreken dat ieder lid behoefte gevoelt om "met het volk zich voor God te verootmoedigen op dien 16den dag van December, welke "eenmaal de reddende hand des Heeren ons "toonde toen Dingaan werd overwonnen, "en nu een jaar geleden het begin is geweest "van een nog grootere redding, van nog "grootere zegeningen en voor ons en onze "kinderen de dag der dagen moet blijven. "De Volksraad verlangt met het volk weder "op dezelfde plaats te zijn waar wij verleden "jaar met brandende harten, maar met vast "vertrouwen op Gods genadige bescherming "ons tot den strijd hebben aangegord. Daar "op die plaats willen wij onze dankbaarheid "uitstorten. Het is daarom dat de Volksraad besluit de Regering te magtigen een "algemeene bijeenkomst des volks ditmaal "te houden op Paardenkraal, aanvangende "den 13den December en de Regering uitnoodigt alle maatregelen te nemen om die "zamenkomst zoo algemeen bekend te maken als mogelijk is, zoo nuttig als mogelijk is."

3 stemmen tegen.

[ii] WYSIGING VAN 16 DESEMBER AS JAARLIKSE STATUTêRE GELOFTEDAG NA VYF JAARLIKS.
STAATS-COURANT, DER Z.A. REPUBLIEK, 24 JULIJ (sic) 1883.

VOLKSRAADSBESLUIT, 24 JULIJ 1883.

Uitv. Raad beschouwd jaarl. feestviering te Paardekraal niet wenschelijk.

Art. 900. Aan de orde komt nu, ingevolge Art. 18 van de Aanspraak, de behandeling van Uitv. Raadsbesluit, dd. 19 April 1883, Art. 51, vervat in de missive der Regering, dd. 21 Julij 1883 [v. R. R. 212/83]. Het Uitvoerend Raadsbesluit luidt als volgt:—

"Art. 51. Aan de orde: de behandeling der vraag of het al dan niet noodzakelijk of wenschelijk is het feest te Paardekraal jaarlijks te vieren.

"De Uitvoerende Raad, gelet hebbende op Volksraads-



besluiten, vervat in Art. 93, dd. 11 October 1881, 1) en Art. 555, van 22 Junij 1882, 2) alsook op het 7de punt eener memorie van L. J. van Reenen, J. S. Vermaak en 19 anderen, geregistreerd onder R. 1552/83, is van oordeel, dat een voorschrift tot eene *jaarlijksche* feestviering te Paardekraal niet wenschelijk is, op grond dat eene dergelijke veelvuldige herhaling aanleiding zou kunnen geven tot het vieren en bijwonen dezer plechtige bijeenkomsten uit gewoonte alleen, waartegen moet worden gewaakt en op grond van de onkosten en het ongerief, welke hierdoor onvermijdelijk aan veel burgers worden veroorzaakt, die even goed in de gelegenheid zijn deze dagen in dankbare herinnering te houden op hunne woonplaatsen, en concludeert derhalve aan den Hoog Ed. Achtb. Volksraad voor te stellen te besluiten als volgt:


Geregelde en formeele viering op Paardekraal elke vijf jaren.

"Terwijl het aan ieder volkomen vrijgelaten wordt jaarlijks te Paardekraal bijeen te komen, met het doel en op de dagen zooals bepaald in Volkraadsbesluit. Art. 93, van 11 October 1881, zal de jaarlijksche uitnoodiging daartoe van Regeringswege vervallen en plaats maken voor een geregelde officieele en formeele viering op gemelde plaats elke vijf jaren, de eerste viering plaats te hebben in het jaar 1886. Door deze bepaling zal geen inbreuk gemaakt worden op de jaarlijksche viering van den vastgestelden feestdag van 16 December. De leeraren der verschillende kerkgenootschappen zullen van Regeringswege worden verzocht deze dagen in hunne gebeden te gedenken en wel in het openbaar, indien een dier dagen mogen vallen op een Zondag of op den naasten Zondag daaraan."

Goedkeuring van bovenstaand Concept besluit.

Art. 901. "De Volksraad vereenigde zich eenparig met het Conceptbesluit door den Uitvoerende Raad in het bovenstaande besluit voorgesteld en nam het aan als het besluit van den Raad."

[iii] **DIE OUTENTIEKE [OORSPRONKLIKE] GELOFTE VAN BLOEDRIVIER SOOS OPGETEKEN IN DIE STRAFKOMMANDO SE JOERNAAL EN GEPUBLISEER IN DE ZUID-AFRIKAAN VAN 14 JUNIE 1938. Die gelofte begin aan die einde van die 7de reel: "om zoo de Heere ...**



Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden